

-NAGMAAL-

'N EENBEDRYF VIR TIENERS

DEUR

WIM VORSTER

Toestemming vir opvoerrechte berus by:

WIM VORSTER (e-posadres: wimvorster1@gmail.com)

KARAKTERS:**SEUNS****MAHARG****KIRE****VASTUG****LERAS****MEISIES****LIAGIBA****ARÁSUS****REHTSE****ARODASI**

(Die name word foneties in Afrikaans uigespreek, g = gee bv lie-a-g-ieba ens. Dis net 's spel: alledaagse name agterstevoor)

PLEK: 'N DAKKAMER – Dekor volgens keuse. So ook kostuums

TYD : LAATNAG

GORDYN OOP: STIKDONKER. GEEN MUSIEK OF BYKLANKE

- MAHARG** : **[IN DONKER]** Waag of waarheid?
- VASTUG** : Wat?
- MAHARG** : Wáág of wáárheid.
- LIAGIBA** : Is dit nou die Afrikaans van ‘truth or dare’?
- MAHARG** : Vanselfsprekend.
- KIRE** : Jy kan ons ook nooit laat vergeet dat jy professor dóktór
Verloren van Themaat, hoof van Afrikaans aan die
Universiteit, se eersgeborene is nie.
- VASTUG** : Dis donker!
- ARÁSUS** : Daar’s nou vir jou insig!
- MAHARG** : Is dit ’n flits in jou hand, Vastug, of deel van jouself?

- VASTUG** : Simpel! Of course is dit 'n flits.
- MAHARG** : Reg, mense, skakel almal julle flitsligte aan. En onthou, ordenlike Afrikaans is een van ons grondbeginsels!
- VASTUG** : Ek kan nog steeds niks sien nie!!
- LERAS** : Omdat jy geblinddoek is, jou boks!
- MAHARG** : Haal dit vir hom af.
- LERAS** : Nou al?! Nou orraait dan.
- VASTUG** : Waar... waar is ons?
- ARODASI** : Op die solder van die huis wat my oupagrootjie gebou het
Hier waar hulle die doodskiste gebêre het. Hier waar die
vampiere bedags skuil en slaap.
- REHTSE** : Waar die geeste snags dwaal en jy die getjank van
weerwolwe hoor eggo.

- VASTUG** : Ja, dankie, ek bewe in my broek. Die Twilight Saga. Een van julle is seker Robert Pattinson!
- KIRE** : Ek hoop jy het twee onderbroeke aan vir wat wag...
- MAHARG** : Moet hom nie nou al die skrik op die lyf jaag nie.
- LIAGIBA** : Liefie, is dit actually nodig dat jy soos die handwoordeboek van die Afrikaanse taal moet klink?
- MAHARG** : Ek versorg my taal, want ek is besorg oor ons taal. Julle praat Kreools, soos tweedehandse Amerikaners. Iemand wat nie sy taal versorg nie, versorg nie sy persoonlikheid en karakter nie. En dit is geskryf in ons grondwet: suiwer Afrikaans. Dis wat ons is. Handhawers van die taal.
- KIRE** : Jaiks! Jy het vir seker weer die woordeboek in jou keel en 'n laaistok in jou hol!
- MAHARG** : So, jy weet darem wat 'n laaistok is. Skyn julle flitse in julle gesigte en identifiseer juisself. Slegs noemname.
- KIRE** : Kire. Ek is Kire.

- LERAS** : Leras. Almal noem my Leras.
- VASTUG** : Vastug. Dis my eerste keer.
- LIAGIBA** : Ons weet, my ou, ons weet. Ek's Liagiba. Eerste en enigste Liagiba.
- REHTSE** : Laas wat ek gekyk het, was ek nog steeds Rehtse. Dis Rethse. Nie Zetske of Renske of Retha nie. Rehtse.
- ARÁSUS** : Arásus. Sukke ou nuus soos laasjaar se Taalgenoot. Arásus, die Amazoon.
- ARODASI** : My naam sing. Arodasi. Arodasi. Arodasi.
- MAHARG** : En rym met situasie. Laaste, maar nie die minste, intendeel leier van hierdie geheime en ingewyde groep, die uwe: Maharg. Ek herhaal: Maharg.
- VASTUG** : Maar hoekom so agterstevoor?
- MAHARG** : Jy's nog nie beskore om vrae te vra nie, Vastug.

- REHTSE** : Eintlik vra jy nooit. Goed word sommer net uit hulle eie duidelik.
- ARÁSUS** : Lyk my hy's tog skrikkerig.
- KIRE** : Papbroek. Lig in die broek. Afrikaans genoeg, Maharg?
- LERAS** : En boonop dubbelsinnig. Soos 'dit sit nie in sy broek nie',
- ARODASI** : Skryf julle nou al indeksamen? Los die idiome.
- MAHARG** : Rym met kondome. Vatsug, is jy seker jy wil deel word van ons groep? Ons het lank geredekawel voor ons besluit het jy is geskik.
- REHTSE** : Gewik en geweeg.
- LIAGIBA** : Gehink en gepink en gedink.
- LERAS** : Tot ons saamgestem het jy's aanvaarbaar. Orraaiterig.
- ARODASI** : Nuut in die skool, skynbaar nie te dig nie, eintlik bietjies te

skerp vir jou eie gesondheid –

- KIRE** : Nie te vrot gebou nie, nie te maer nie, nie te vet nie –
- REHTSE** : Goeie kondisie het my oupa altyd gesê. Van sy beeste en skape.
- MAHARG** : Jou oupa. Seun van jou oupagrootjie. Wat elektrisiteit laat installeer het, né.
- VATSUG** : Ek dog dit was Arodasi se oupagrootjie se huis.
- ARODASI** : Dit was. Rehtse is my kleinniggie.
- MAHARG** : Nou toe dan, meisies, ek dink ons was lank genoeg in die donker en Vatsug lank genoeg in die duister. Vra julle oeroupa vir lig.
- REHTSE** : Voorvader Regrub, voorvader Regrub, gee ons lig.
- ARODASI** : Voorvader Regrub, nou is ons van aangesig tot aangesig!
- MAHARG** : So ja! Daar's lig. Nou kan ons mekaar deeglik bekyk. Ons gehoor van geeste kan ons ook goed sien.

- VATSUG** : Ha-ha. Jou sogenaamde ‘geeste’ kan seker in die donker ook sien.
- KIRE** : Kyk hoe sit hulle en staar na ons. Maar, boeta, ons is nie hier om geeste op te roep nie.
- LERAS** : Hierdie ‘konsert’ is baie ernstiger as dit.
- VATSUG** : Wat gaan gebeur?
- LIAGABI** : Wat gaan gebeur?! Hoor jy, Leras? Hy vra wat gaan gebeur.
- ARODASI** : In pragtige Afrikaans: jy is nie deel van ’n rolprent wat ’n lokprent het nie, Vatsug.
- MAHARG** : Volpunte vir jou, Arodasi. Nou wil ek vir die laaste maal weet, Vatsug, sien jy kans hiervoor. Is jy opgewasse?
- VATSUG** : Afrikaans was nog altyd my sterkste vak. Vir julle gaan ek nie agteruit staan nie.

- KIRE** : My moer, die seun dink hy's hier vir 'n taaltoets!
- VATSUG** : Ek bang julle nie. Kry net koers. Voor die geeste verveeld raak.
- MAHARG** : Rammetjie-uitnek. Ons... en jy... sal sien wat ons en jy sal sien. WAAG OF WAARHEID!!!
- VATSUG** : Uhhhhh... waarheid. Waarheid.
- MAHARG** : Reg, Liagiba, vertel hom die eerste waarheid.
- LIAGIBA** : Ons is baie versigtig en kieskeurig met wie ons vra om by ons aan te sluit. Ons sewe is van die begin af saam. Waaruit jy kan aflei....is my taalgebruik na wense, O Grote Maharg? Waaruit jy kan aflei dat niemand nog die paal gehaal het nie.
- LERAS** : Die mas opgekom het nie. Niemand het, om eerlik te wees, dit nog oorleef nie.
- REHTSE** : Almal het die emmer geskop.

- ARODASI** : Die tydelike vir ewige verruil.
- KIRE** : Tepel in die dak gestee.
- ARÁSUS** : Dis lepel! Lepel!
- LERAS** : Aaaaarásus het uit haar beswying gekom.
- ARÁSUS** : Waarheid: ons het nie vanaand eetgerei gebring nie. Dit kan die hele paartie laat flop.
- MAHARG** : Taal!
- ARÁSUS** : Waarheid: Afrikaans is net 'n cover vir wat ons regtig doen. Troos jou, Vatsug, my handjies staan vir niks verkeerd nie. Eetgerei is kode vir-
- MAHARG** : Nie nou al nie! Ons moet eers die geeste aan ons kant kry. Vatsug, waag of waarheid?
- VATSUG** : Die waarheid maak seer. Moet ek waag of die waarheid praat?

- ARÁSUS** : Ek, Arásus, is die hoëpriesteres. Wat jy NIE mag doen nie, is vrae vra. Antwoord die grote Maharg. Waag of waarheid?
- VATSUG** : Waarheid.
- MAHARG** : Spoeg dit uit. Hoekom het jy na ons skool toe gekom? En nou eers, in matriek?
- VATSUG** :My....my pleegouers.... is altwee verlede jaar in 'n motorongeluk dood. Die testament.... Dis privaat goed, dié!
- MAHARG** : Reg, dan kan jy maar gaan.
- ARÁSUS** : Ons het jou nie verder nodig nie.
- KIRE** : Jy kan nie aan die mees eksklusiewe klub van die skool behoort nie.
- LIAGIBA** : Jy het by voorbaat nie die paal gehaal nie, maar jy sal ook nie tepel....lepel in die dak steek nie. Tot siens.

- GROEP** : Tot siens.
- LERAS** : Tjeers, my ou. Koebaai. Hasta la vista. Hamba gahle.
- VATSUG** : Nee, wag. Wag. Ek laaik julle ouens. Ek bedoel, ek hou van julle. Ek sal die waarheid praat.
- REHTSE** : Jy besef dat ons baie meer gaan doen as net geeste oproep? Jy's alleen, né. Jy het nie tjommies by die skool nie.
- ARÁSUS** : Waar bly jy? Waarheid, hoor. Waarheid.
- VATSUG** : In 'n woonstel naby die skool.
- KIRE** : Woonstel? Hmmmmm. Kan jy nou meer. Op jou eie?
- VATSUG** : Ja. My pleegouers was nie ryk nie, maar die testament het bepaal ek kan die huis verkoop en die geld gebruik vir universiteit. Die spul in die skool het ook nie juis van my gehou nie, veral nie die seuns nie, toe kom ek maar nou al. Ons bankbestuurder het my gehelp.

- MAHARG** : Daar het julle nou 'n hele bekvol waarheid. Wat het hulle teen jou gehad? Is jy gay?
- LERAS** : Moffie?
- KIRE** : Waarheid, ou.
- VATSUG** : Nee. Maar ek het hard geswot en goed gedoen en al wat in daai skool tel, is sport. Veral rugby.
- LIAGIBA** : Dis al wat in die meeste skole tel. Daarom is ons so 'n uitgesoekte groep. Maharg, keiser van die Barg, wat is 'culture vultures' in Afrikaans?
- MAHARG** : Miskien kultuurvrate? Dis ons. Ons is nie bang om te erken dat ons kuns en kultuur, ernstige musiek en letterkunde, wysbegeerte en Europese rolprente bo prul verkies nie.
- VATSUG** : Is julle gay?
- MAHARG** : Klop-klop.

- VATSUG** : Wie's daar?
- MAHARG** : Nazi.
- VATSUG** : Nazi wie?
- GROEP** : Sjarrap!!! Ons vra die vrae!
- LERAS** : Waag of waarheid?
- VATSUG** : Waarheid.
- LERAS** : Is almal wat van die beter dinge in die lewe hou,
outomaties gay? Aan die anderkant, ek weet van 'n paar rugbyspelers wat
gay is.
- ARÁSUS** : En twee stoeiers.
- LIAGIBA** : Ons het 'n neef wat 'n mechanic... 'n motorwerktuig-kundige is en hy is
gay.
- REHTSE** : My tannie dryf 'n trok en sy's nie gay nie.

- MAHARG** : Ek begin vermoed Vatsug begin vermoed. Jy't geen idée nie, ou maat. Voor die nag om is, voor ons die nagmaal geniet, gaan jy uitmekaar geskeur word...
- VATSUG** : Nagmaal? Is julle 'n sekte?
- KIRE** : Nazi! Dis wagwoord twee. Jy vra nie. Jy antwoord of doen. Waag of waarheid?
- VATSUG** :Waag.
- KIRE** : O ho hoo! Mooi. Waag dit om hier uit te stap....Dis jou laaste kans. Waag dit.
- VATSUG** : Ek gaan nêrens nie.
- REHTSE** : Ook maar lekker nuuskierig. Wil sien wat ons doen. Wil saam met ons 'n maal in die middel van die nag geniet. Kom ek vertel jou tog maar, pappie, want hierdie ouens gaan jou aan 'n lyntjie hou.
- LERAS** : Nee, ons gaan sy draadjie knip.

- ARÁSUS** : Iemand het iets gefluister van ‘sy gat toesteek’?
- MAHARG** : Nadat hy sy eie gat gegrawe het. Vertel hom, Rehtse, voordat ons hom verder voorberei.
- REHTSE** : Ons was nog altyd net sewe, Vatie Vatsug, en ons sal ook net sewe bly. Jy is nie hier om aan te sluit nie, jy is hier om ons te vermaak.
- ARÁSUS** : By die skool weet hulle nie van die bestaan van ons groep nie. Hoekom dink jy het ons alles so met ’n omdraai gedoen en geheim gehou? Waag of waarheid?
- VATSUG** : Niks het nog regtig my belangstelling geprikkel of my bang gemaak nie.
- MAHARG** : Sien, ek het julle gesê die knaap besig ’n knap Afrikaans. Ek smaak hom. Smaak julle hom?
- GROEP** : Ons smaak hom!
- LIAGABI** : Jy, meneertjie, het hier te make met tiener rebelled. Tieners is altyd rebelle, maar ons is ’n terroristegroep.

- LERAS** : Jy is ons teiken.
- KIRE** : Ons oefenskyf.
- MAHARG** : Van hierdie nag sal jy nooit herstel nie. Ons gaan jou letterlik en figuurlik, geestelik en liggaamlik, verkrag en verskeur.
- VATSUG** : Siestog. Hoe kinderagtig. Spul sadiste.
- REHTSE** : Blaasbarsend snaaks!
- ARÁSUS** : Broeknatmakend.
- KIRE** : Holverskeurend!
- LERAS** : Letterlik en figuurlik.
- VATSUG** : Vir mense wat roem daarop dat julle die intellektuele van die toekoms, die behouers van die taal, is, is julle grappies maar deksels flou.
- MAHARG** : WAAG OF WAARHEID????!!!!

- VATSUG** : Oukêi, oukêi, waarheid.
- MAHARG** : Hoekom het jy pleegouers gehad?!!
- VATSUG** : My eie ma het my alleen grootgemaak maar toe's sy dood toe ek sewe was en toe is ek weeshuis toe. Hulle het my daar gekry.
- LERAS** : Hoe oud was jy toe?
- VATSUG** : Twaalf. Amper dertien.
- KIRE** : Vir wat het hulle jou nooit wettig aangeneem nie?
- VATSUG** : Dis... .dis... .ek weet nie. Ons het nooit daaroor gepraat nie.
- MAHARG** : Waarheid!!!
- VATSUG** : Dit is die waarheid.
- ARODASI** : Maar jy't alles van hulle geërf en dit sonder dat hulle jou wettiglik aangeneem het. Iewers is 'n slang [VERVOLG]

- ARODASI** : [VERV] in die gras. Ek reken jy lieg, my bekkie.
- VATSUG** : En julle is kultuurterroriste wat die land gaan dwing om suiwer Afrikaans te praat en in kuns belang te stel?!
- ARODASI** : Jy lieg en jy's astant. Daarmee verdubbel jy jou lyding.
- SEUNS** : WAARHEID!!!
- VATSUG** : Hulle kon nie uitvind wie my bloedpa was nie en my pleegpa se ma was bang hy was dalk 'n....Bruinman.
- KIRE** : Jy't ons nog nie gevra of ons rassiste is nie.
- VATSUG** : Traak my nie. Teen die tyd weet ek julle is nie spiritualiste nie, julle is sataniste.
- ARODASI** : Reg, ons gaan jou onderstebo ophang en offer aan Satan. Stront, man! Sien jy swart kruise en bokkoppe en daai klas goed?
- ARÁSUS** : Ons het jou al ingelig, koolkop. Ons is bloedsuiers.

- MEISIES** : Vam-
- SEUNS** : -piere
- REHTSE** : En meer. Murgmaaiers.
- MAHARG** : Mense, die arme drel het so 'n tragiese lewe gehad, dink julle nie ons moet hom eerder laat loop nie?
- KIRE** : Sodat hy wat gaan doen?
- REHTSE** : Ons gaan verkla. Maharg, jy sal sê 'alles op die lappe laat kom.'
- LERAS** : Hang net af wat jy met daardie werkwoord bedoel.
- LIAGIBA** : Ag, jy is so one-track minded. Nie jou mees geslaagde grap nie.
- KIRE** : Ons kan hom nie laat gaan nie.
- ARÁSUS** : Aan wie gaan hy ons weggee? Hy's nie speelye juis omring van vriende nie. En die onderwysers [VERVOLG]

[VERV] of die hoof gaan nie iets negatiefs glo oor die skool se top akademiese presteerders nie. Wat bly oor? Die polisie? Vir wie hy wat gaan vertel? Los hom. Ek het my smaak vir hom verloor. Pateet. Watter pret gaan dit wees om hom verder te kasty?

- ARODASI** : Jy's reg. Maar die woordeboek virus het julle almal besmet. Ons is nou nie besig met opstel skryf nie. Kasty! Vra ek jou! 'Kasty'.
- REHTSE** : Stem almal saam dat hy maar kan loop.
- GROEP** : **[BUITEN MAHARG]** Ja, laat hom loop. Laat hom loop.
- MAHARG** : Nie so haastig nie. My voorstel was net 'n toets. Julle stel my teleur. Onhou julle nie meer ons vorige nagmaalganger nie? Dié het sommer al gehuil toe ons die blinddoek afhaal.
- KIRE** : Jy het tog nie gedink ons is ernstig nie. Ons gaan nie met leë mae hier uit nie.
- VATSUG** : Ek sou in elk geval nie gewaai het nie. Julle het my genooi en ek wil weet wat julle hier doen.

- MAHARG** : Nou maar dan gaan jy uitvind. Waag of waarheid?
- VATSUG** : Waag.
- MAHARG** : Seker? Genoeg uitgelap oor jou ‘verlede’ lyk dit my.
- VATSUG** : Waag.
- MAHARG** : Reg. Trek al jou klere uit!
- VATSUG** : Wat? Wat?!
- KIRE** : Jy’t hom gehoor. Trek al jou klere uit!!
- GROEP** : Trek uit! Trek uit!! Trek uit!!! Trek uit!!!! Vatsug!
Vatsug!! Vatsug!!! Vatsug!!!
- MAHARG** : Genoeg. Genoeg. Hou maar die bokser aan. Ons kan nie romanties met jou raak in hierdie helder lig nie. Maar jy’t genoeg lyf soos ons gereken het.
- LERAS** : Ouens, hy laat my dink aan ’n grap. Dis ’n Engelse grap.

KIRE : Ons verstaan Engels.

REHTSE : Laat waai.

LERAS : Three cannibals caught a well-built young man but then started arguing about who gets what part. So the first one said: “I have an idea. I’ve got this lovely bottle of vintage red wine, so I think I’ll have the leg. Leg of man will be great with red wine.” So the second cannibal said: “Good idea. I have a bottle of French white wine so I’ll choose the breast. Juicy and tender.” And the third cannibal said: “In that case I’ll have his things.” “His things?!” the other two asked. “Why?!” “Because I have a bottle of Coke and things go better with Coke.”

KIRE : Ha-ha-ha-ja. Ja, En nou het jy daai woord gebruik...

REHTSE : Coke. Ha-ha.

LERAS : Coke. Ha-ha.

ARÁSUS : Coke. Ha-ha.

- VATSUG** : Is dit nou maar al? Julle lok my hiernatoe, probeer op my gevoelens speel, laat my in my onderbroek staan en dit alles net omdat julle wil coke snuif? Wragtag onoorspronklik. In sleng Afrikaans: ek doen nie drugs nie, so julle kan gerus aangaan sonder my.
- ARODASI** : Gee sy broek, die paartie raak rof!!
- MAHARG** : Nie heeltemal so haastig nie. Gedink hy is baie slim om van Coca Cola na kokaiene te spring. Die kalant moet nog 'n waarheid of wat kwytraak en 'n paar hoor voor die tyd verstreke is.
- VASTUG** : Stel nie belang nie. Tot die geeste is al verveeld. Kyk hoe gaap hulle ons Aan.
- KIRE** : Hulle is nie. Hulle probeer nog uitfigure wat aangaan. Sorry vir daai blaps, Maharg. En sorry vir die sorry. Geeste is baie geïnteresseerd in vampiere. Nes mense. Dis nou oral op die televisie en in die movies. Rolprentteaters. Jy moet dit darem seker weet. Hoog mode.
- VATSUG** : As julle vampiere is, hoekom is julle bedags by die skool?

MAHARG : Al die wanopvattinge en misverstande oor vampiere. Soos dat ons bang is vir knoffel. Of nie weerkaats in spieëls nie. Of verander in stof as die son op ons skyn....Alles Bram Stoker se skuld met sy *Dracula* en nou ly ons vandag nog daaronder.

VATSUG : Man, julle is net so min vampiere as wat ek Vader Krismis is. Of die Paashaas.

KIRE : Man, jy is so oningelig soos Julius Malema..... Jy voorsien sowaar nie waarop ons afstuur nie.

MAHARG : Vorm 'n sirkel om hom.

REHTSE : Ringe-ringe-rosie...

KIRE : Kinders van die josie...

ARODASI : Maak ons net nie boos'ie...

LERAS : Niks sal hom vertroos'ie....

ARÁSUS : Lyk hy nie moedeloos'ie?...

- MAHARG** : Sy vleis is nog nie voos'ie...
- LIAGABI** : Niks, ja, niks laat ons groep bloos'ie...
- MAHARG** : Waarheid, Vatsug, waarheid. Hoekom het hou pleegouers jou nooit aangeneem nie? Dis nie omdat jy dalk Kleurlingbloed het nie. Jou pleegpa wou jou terugstuur na die weeshuis, maar jou pleegma het gepleit. Dat hulle jou nog in hulle testament gehad het, sê baie vir hulle, maar nie noodwendig vir jou nie. Wat het jy aangevang?
- VATSUG** : Waar kom jy daaraan?
- KIRE** : Ons vra die vrae!!
- GROEP** : Wat het jy aangevang? Wat het jy aangevang? Wat het jy aangevang?
- VATSUG** : Los my. Los my uit.
- ARODASI** : Dis nou te laat.

- LERAS** : Spoeg dit uit!
- LIAGIBA** : Jy kan net so wel vertel. Jy gaan tog nie lewendig hier uitkom nie. Maak asof jy Rooms Katoliek is en ons die priester. Bieg!
- REHTSE** : Bieg!
- GROEP** : Bieg. Bieg. Bieg.
- ARODASI** : Bieg. Moenie lieg. Bieg.
- MAHARG** : By ons kan jy nie die waarheid ontsnap nie. Ons is 'n geheime groep. 'n Groep wat al 'n paar mense laat verdwyn het. Iemand by die skool moes jou al vertel het. Dis nou as jy nooit koerant lees of TV nuus kyk nie. Vyf van ons skool se leerlinge word vermis. Jy was dom om hiernatoe te kom.
- KIRE** : Sal ek hom sê, Maharg?
- MAHARG** : Sê hom, Kire.

- KIRE** : Ons kom net twee keer 'n jaar bymekaar. In die herfs en die lente. Met die dag-en-nag-eweninge.
- ARÁSUS** : Ons vermoor nie mense vir die lekker nie. Vir die grap nie.
- LERAS** : Ons verkrag nie slagoffers vir die seks nie. Luister mooi: slagoffers!
- LIAGIBA** : Dis 'n baie uitsonderlike ritueel. Daar is min van ons op aarde. En niemand kom hierin wat weer kan uitgaan en ons geheim uitblaker nie.
- REHTSE** : Nou weet jy. Dis waar ons ons krag vandaan haal.
Innerlike krag.
- ARODASI** : Sien jy? Ons is nie histeries nie. Ons gil en skreeu nie. Ons is doodrustig. Doodernstig. Jy kan gerus sê wat jy gedoen het om jou pleegpa so om te krap. Oor 'n paar minute gaan dit nie meer saak maak nie. Verstaan jy, Vatsug, verstaan jy? Dis nagmaal. Verstaan jy?
- VATSUG** : Julle is al sewe die kluts kwyt en ek het niks om te bely nie.

- MAHARG** : Ons is nie Vampiere nie. Ons eet mense, Vatsug. Ons is kannibale.
Gedink jy is so briljant, maar jy kon dit nie eens ontsyfer nie. En ons eet die vleis rou. Dis waarmee ons die ewigheid koop.
- REHTSE** : Ons eet die vleis rou, Vatsug. Terwyl die skenker nog lewe. Ons gaan jou vasdruk en elkeen gaan 'n stuk van jou afsny of uitsny om te eet. Wanneer ons versadig is, gooi ons die oorblyfsels in die vuur.
- ARODASI** : Die vuur wat hulle by die fabriek hier langsaan maak. My pa se been-meelfabriek. Niemand sal jou ooit kry nie en geen forensiese toetse gaan jou DNA opspoor nie.
- MAHARG** : DNS. In Afrikaans is dit DNS. Deoksi-ribo-nukleien-suur.
Nog nooit gehoor van P G du Plessis se toneelstuk
Plaston, DNS Kind nie?
- KIRE** : Ek het lus vir jou, my ou. Ek gaan jou eet.
- VATSUG** : Eina! Eina! Uuuuuggggghhhhhh.....
- ARÁSUS** : En nou? As hy hier inmekaar sak? Het hy sowaar so groot geskrik?

- LERAS** : Wat makeer jou?
- VATSUG** : Lekhart.....kan nie sulke spanning uitstaan...nie.
- LIAGIBA** : Ons moet hom lewendig eet!! Lewendig. Voor hy sterf.
- MAHARG** : Jy het niks gesê van 'n swak hart nie!
- VATSUG** : Julle het nie gevra nie....Uuuuggghhh. Ten minste sal julle my nie lewendig eet nie. Dis....tot....ugggghhh,
- REHTSE** : Is hy regtig dood?
- KIRE** : Wat de donner doen ons nou?
- MAHARG** : Hoe moes ons weet die skarminkel het 'n swak hart? Ons is in baie groot kak.
- LERAS** : Besef julle dit kom neer op moord?
- ARÁSUS** : Hulle gaan ons in die tronk stop en die sleutels weggooi.
- KIRE** : Ons gaan verskeur en verkrag word.

- MAHARG** : Dis die selle ding in die tronk, esel. Verkrag en verskeur!
- REHTSE** : Julle't my belowe ons gaan net pret hê met die nuwe outjie. Dit was alles behalwe pret.
- ARODASI** : Ons moet iets met die lyk aanvang. Ons kan dit nie hier los nie. Sodra dit begin ruik, gaan hulle kom kyk en dan sal hulle aflei dis ons. My pa-hulle weet die solder is ons groep se vergaarplek.
- KIRE** : Ons is dieper as diep in die kak. Is hier 'n beenmeelfabriek?
- REHTSE** : Is jy simpel? In die middel van die stad. 'n Beenmeelfabriek stink verskriklik.
- MAHARG** : Miskien moet ons hom regtig opeet.
- KIRE** : Ja, en?
- MAHARG** : Dan gooi ons die geraamte in 'n ou mynskag af.
- LERAS** : Dan kan ons net sowel die hele lyf daar afgooi.

- REHTSE** : Kan ons nie die vleis afsny en vir die honde voer nie?
- ARODASI** : Ek word histeries! Ek word histeries!!! Ek word histeries!
- MAHARG** : Moet net nie gil nie, want dan sal jou mense kom kyk.
- ARÁSUS** : Ek's nie op my gemak met 'n lyk nie.
- KIRE** : Fokkit, ouens, ons het ons tjips gehad. Ek laat spat.
- MAHARG** : Niemand gee pad nie. Ons is saam in die gemors en ons moet dit saam regmaak. En niemand anders mag ooit, ooit hiervan uitvind nie.
- LERAS** : Kan ons hom nie in 'n dam gaan gooi nie?
- LIAGIBA** : Ek was in my hele lewe nog nooit so bang nie.
- LERAS** : Trust my, ek ook nie!
- LIAGIBA** : Dankie vader die ligte is aan.
- VATSUG** : WAAG OF WAARHEID????!!!

GROEP : [SKRIK HULLE NAT]

VATSUG : Laaste lag die lekkerste, né. Ook nie geweet ek is 'n diepseeduiker en kan my asem so lank ophou en my hartklop beheer nie. Julle weet maar min. Eintlik niks. En julle groep is sonder doel. Wat wil julle regtig bereik? Julle gaan nie mense goeie Afrikaans laat praat as julle net met mekaar gesels nie. En julle gaan nog minder kultuur bevorder. En julle is vol beloftes van orgies, maar as dit daarop aankom, trek julle kleinkoppie. Dis hopeloos. Mahargie, ek sluit aan by die groep en Bevorder myself tot kaptein. Voorsitter. Uitvoerende Direkteur. Wat ook al.

MAHARG : Bliksem.

VATSUG : Idee: kom ons maak die eerste doel om 'n eenbedryf hieroor te skryf. Dan speel elkeen sy eie rol.

REHTSE : Ek weet nie. Die 'twist' was te maklik.

KIRE : Erken dit. Jy't jou alie afgeskrik.

LERAS : Ons almal het.

- ARÁSUS** : Daar moet 'n ander einde wees. Ek kan jou gerus aanrand oor jy my so laat skrik het.
- LIAGIBA** : Soos watter aander einde?
- MAHARG** : Soos ons eet hom regtig.
- LERAS** : Maharg, jou kop kap aan.
- MAHARG** : Ek's ernstig. Ek het 'n slagmes gebring.
- KIRE** : En rooiwyn of witwyn of Coke?
- ARODASI** : Julle is siek.
- VATSUG** : Nee, hulle is nie. Dis die dramaturg wat siek is.
- MAHARG** : Wat bedoel jy daarmee?
- VATSUG** : Glo julle regtig julle bestaan? Julle is net karakters in 'n toneelstuk en die skrywer het almal van ons die hele tyd vir die gek gehou. Julle leef net in die dramaturg se kop.

MAHARG : Dit beteken nog nie dat ek jou nie gaan eet nie.

VATSUG : Hou jou hande en jou tande tuis! Want, ou grapjas, ek is werklik. En ek is werklik 'n Vampier. Maak gereed!

ARODASI : Voorvader Regrab, skakel af die lig!! Skakel af die lig!!!

DONKER

**[MEISIES GIL. SEUNS SKREEU. IEMAND ROGGEL. VATSUG
LAG HOL EN WAANSINNIG]**

NOTA: Alhoewel die stuk uiteraard swart komedie/galgehumor is, glo ek dit moet ernstig gespeel word om snaaks te wees. Soos enige absurde situasie moet dit nie as komies beskou word nie. M.a.w. moenie prober snaaks wees nie. Met die regte aanslag, sal dit tref. Onaardse byklanke kan gebruik word.

Geniet.

Wim